# Lesing 13.11.2018 - Lesing 2 - Openbaringe aan Bertha Duddde

***Bewustelike werk aan die siel***

7530 Niemand moet daarop reken dat daar nog 'n lang tyd vir hom oorbly om aan sy siel te werk nie, want niemand weet wanneer sy laaste uur sal aanbreek nie. Die mens moet so lewe asof elke dag die laaste is wat vir hom beskore is. Hy moet ywerig besig wees met die heil van sy siel. Hy moet geen dag verlore laat gaan waarin hy nie 'n werk van liefde verrig het nie. Hy moet sy naaste met raad en daad bystaan, hy moet aan sy God en Skepper dink en teenoor Hom die verhouding van 'n kind tot sy vader tot stand bring. Elke dag moet hy bid tot sy Vader en hom aan HOM en sy genade oorgee. Hy moet homself aan HOM toevertrou en HOM om Sy beskerming en Sy leiding vra, hy moet homself in gedagtes verbind met die ligwêreld, - hy moet steeds maar net die goeie wil en hy sal dan ook slegs dit doen wat in die Wil van God beslote is.

Die mens kan baie daartoe bydrae dat sy siel op aarde vinnig ryp word, wanneer hy bewustelik hierdie arbeid aan sy siel verrig, d.w.s. homself altyd voor oë hou waarom hy op die aarde is en dan steeds so leef soos wat dit beantwoord aan God se Wil, wanneer hy die gebooie van die liefde tot God en die naaste vervul. En hy kan dit elke dag realiseer wanneer hy maar net dit doen wat nodig is om vooruit te gaan in sy ontwikkeling, om dus sy lewe op aarde in ooreenstemming daarmee te lei.

Maar hy moet hierdie arbeid nie uitstel omdat hy nie weet hoe lank hy nog op aarde gaan leef nie. Dit is nie aan hom gegee om op hoogte hiervan te wees nie en so is dit goed, omdat hy andersins nie binne sy wil vry sou wees nie. Maar hy sal ook maklik in gevaar beland wanneer hy die arbeid aan sy siel ligtelik uitstel en steeds daarop reken dat daar nog genoeg tyd is om ernstig aan sy siel te dink.

Niemand weet wanneer sy uur gaan kom nie en dit kan julle skielik verras en dan sal julle dit bitter berou wanneer julle in die ryk hierna sal insien wat julle op aarde versuim het. En vele mense gaan totaal onvoorbereid die ryk hierna in, hulle kan geen enkele geestelike vooruitgang wys nie, hulle het alles versuim wat vir hulle 'n vooruitgang sou opgelewer het, want hulle het op aarde slegs vir hul liggaam geleef, maar nooit aan die siel gedink nie, wat alleen voortleef na die dood van die aardse liggaam.

Daarom moet sy (die siel) ook die gevolge dra, deur te smag in kwelling en duisternis, of om in totale verlatenheid deur eindelose ruimtes te dwaal, arm en ellendig en in groot nood.

Jy leef nog op aarde en kan jou siel die verskriklike lot bespaar, maar jy moet jou lewe benut en elke dag en elk uur arbeid aan jou siel verrig, wat veral vir jou kan bestaan uit geestelik gerigte gedagtes, omdat die ligwesens julle dan ook bystaan en julle steeds in weer in die geestelike gebied probeer intrek, waarmee hul dan ook slaag as jy van goeie wil is.

Dink dikwels aan die uur van die dood en steeds meer sal jy ook die verskrikking van die dood oorwin, want hoe meer jy werk aan jou siel, des te geringer sal die angs in jou word voor die uur van die dood, want dan is jy daarop voorbereid, - jy leef bewustelik en gaan ook bewustelik en sonder skrik die einde tegemoet wat steeds weer vir jou aangekondig word. Maar wee diegene wat onverantwoordelik van die een dag tot die ander lewe, wee hom wanneer die dag hom verras wat aan sy lewe 'n einde maak, wee diegene wat nooit aan sy siel gedink het nie en maar net vir sy liggaam gesorg het. Of hy voortydig sal sterwe, of hy die dag van die einde sal meemaak, sy einde sal vreeslik wees, want die siel sal haar lot moet dra wat die mens self vir hom op aarde berei het. Amein

**Aanhaling uit "Oor die drumpel van die dood" van JL**

"(by n sterwende se bed) Maar kyk, daar staan die wurgengel dan al gereed om die vertoornde siel van ons held van haar baie trotse en hoogmoedige aristokratiese vlees los te maak. Die engel is gewapen met `n vlammende swaard, as teken van sy groot krag, wat aan hom deur My verleen is en as teken van sy moed en totale onbevreesdheid vir sulke groot helde van die aarde, sowel as vir die hele hel.

Kyk, die engel raak hom met sy vlammende swaard aan en sê: 'Staan op, kragtelose siel, en jy, trotse stof, val terug in die see van jou bodemlose nietigheid!'

Kyk, nou verdwyn die liggaam en die bed en die kamer vol aardse prag is nie meer te sien nie. In plaas daarvan verhef hom, soos wat julle maklik kan sien, `n baie donker, asgrou en jammerlike verskrompelde siel, staande op los sand, wat dreig om haar te verswelg. Boos, verward en skrikkerig kyk sy om haar heen en sien niks anders nie as net haarself. Maar sy sien haarself baie anders as wat ons haar sien. Sy sien haarself nog as `n veldheer met al haar ordes en versier met `n offisier swaard. 'Waar is ek tog?', sê die held. 'Welke duiwel het my hierheen gebring? Niks en nog eens niks! Waar ek ook kyk, oral is niks. Kyk, ook hier onder my is niks! Is ek dalk `n slaapwandelaar? Droom ek miskien, of sou ek dalk regtig gesterwe het? Dit is wel `n bietjie lig om my heen; maar hoe verder weg ek kyk, des te donkerder word dit, en ek sien niks, niks, niks en nogeens niks! Dit is tog vervloek! Werklik, wie nie die duiwel in daarvan word nie, word dit in ewigheid nooit!